**Vrydag 17 Maart**
**Skrifgedeelte: 1 Samuel 10:1-10**
**Fokusverse: 1 Samuel 10:1, 6, 9, 10**
**Die Here kies die aardse koning en werk kragtig in hom met sy Gees**
Gister het ons gelees dat die volk Israel, soos die ander volkere, ook ’n mens-koning wil hê. Die Here wys egter self die koning aan.
Die Here het deur die profeet Samuel vir Saul tot regeerder oor sy besitting, sy volk, gesalf. Die belofte is vir Saul gegee dat die Gees van die Here kragtig in hom sal werk. Só het dit ook gebeur, God het Saul se gesindheid verander. Dit beteken dat die Gees Saul se hartsgesindheid van gewone jong man na ’n volksleier verander het. Ja, die Gees van die Here het kragtig in hom gewerk en hy het saam met die profete opgetree. Ongelukkig het Saul later sy eie kop gevolg en die Here het hom as koning vir sy volk verwerp.
Die Here was en is en sal altyd die ewige Koning wees. Hy regeer deur sy Woord en Heilige Gees. Hy gee aan ons as mense die verantwoordelikheid om oor sy skepping te regeer. Deur die Heilige Gees kry ons insig om die inhoud van die Bybel te verstaan en daarvolgens ons lewe in te rig en dit uit te leef in die skool, met ons werk en in die gemeenskap waar ons ook al rondbeweeg.
Wat die aardse “konings” in ons tyd betref, gebruik die Here ons om deel te neem aan verkiesings van leiers op alle terreine. Selfs al is die leiers nie ons keuse nie of selfs nie Christene nie, is dit ons plig om hulle aan die Here op te dra, asook om hulle te wys die pad wat die Here vir ons as mense in hierdie deel van Koninkryk bedoel. As Christen is jy ook ’n leier waar jy ook al leef en werk. Mag die Heilige Gees kragtig in jou werk.
*Sing: Psalm 133-1:1, 3*
*Ds. J van Schaik (Joop) (Randburg)*